

SESSIE 4. Ons glo aan die gemeenskap van heiliges



"Ons glo aan die gemeenskap van heiliges". Met die Apostoliese geloofsbelydenis bely ons oor eeue saam met gelowiges die wyse waarop ons verbintenis aan God en mense telkens ons in die lewe by nuwe plekke van betekenis uitbring. Vandag se sessie gaan hoe dit gelowiges in die vreemde van Babel by nuwe lewensritmes uitbring het wat hulle in staat gestel het om 'n nuwe tuiste te skep.

In verlede week se sessie het ons diep onder die indruk gekom hoe gelowiges se Klaagliedere deur sterk emosies, gedagtes en perspektiewe deurgebreek het. Wat staan jou te doen na jy jou rou emosies oor jou omstandighede aan God bekendgemaak het? Is dit dan 'n kwessie om met geduld en geloof op God te wag om in jou leefwêreld/omstandighede in te gryp? Hou in gedagte dat die generasie wat in 597/586 vC in ballingskap weggevoer is, in Babel oorlede is en nooit na Jerusalem sou terugkeer nie. Dit sou eers eendag vir hulle kinders en kleinkinders beskore wees. Wat het die Here dus bedoel toe hy deur die profeet Esegïël die ballinge laat verstaan het dat Hy weer dooie bene kan laat herlewe? (Esegïël 37). Die ballinge se Klaagliedere het hulle op onverwagte en verrassende maniere kom raak. Dit het in hulle 'n geloof wakker gemaak dat God in hierdie omstandighede by hulle is en op twee maniere prakties gestalte gekry: deur heiligmaking en hulle die wyse waarop hulle na mense in hulle samelewing uitgereik het.

Die brief van Jeremia aan die ballinge in Jeremia 29 praat hieroor. Neem tyd om die volgende teks deur te lees en na te dink oor die betekenis daarvan vir die ballingskap situasies waarin ons onself bevind.

So sê Ek, die Here die Almagtige, die God van Israel, vir al die ballinge wat Ek uit Jerusalem in ballingskap na Babel toe weggevoer het: **⁵Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, ⁶trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie. ⁷Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange. ⁸So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Moenie dat die profete en waarsêers daar by julle julle mislei nie. Moenie ag slaan op daardie drome wat julle so graag droom nie. ⁹Daardie mense tree sonder opdrag op as profete in my Naam. Ek het hulle nie gestuur nie, sê die Here. ¹⁰So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring. ¹¹Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! ¹²Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. ¹³Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. ¹⁴Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het (Jeremia 29:4-14).**

- Waartoe het die Here die gelowiges in ballingskap opgeroep? Hoe sou ons vandag hierdie boodskap op ons eie situasies van ballingskap van toepassing maak?

.....

.....

.....

- Die teks gedeelte waarsku gelowiges teen onrealistiese godsdienstige verwagtinge rakende die toekoms. Dit blyk dat 'n groep vals profete in ballingskap die mense oortuig het dat God hulle binnekort na Jerusalem terug sal stuur en dit dus geen sin sou maak om 'n nuwe lewe in Babel te probeer bou nie. Hulle moes net geduldig op God wag en glo. Hoe praat hierdie teksgedeelte vandag met ons oor ons benadering ten opsigte van die hede en toekoms?

.....

.....

.....

Levitikus en Deuteronomium - 'n nuwe lewensritme in 'n vreemde land

In die afwesigheid van die Jerusalem tempel, wat gelowiges nader aan God en mekaar gebring het, het Levitikus en Deuteronomium skielik opnuut vir hulle betekenis gekry. Dit moes gelowiges help om in die choas van hulle omstandighede 'n nuwe orde en lewensritme te vind. Die volgende elemente was bedoel om gelowiges liggaamlike en geestelik te kondisioneer.

- Die **Wet van Moses** (Pentateug/eerste vyf boeke van die Bybel waarin 613 bepalinge, bekend as die Wet van Moses, opgeteken was).
- Die **besnydenis** as teken van God se verbond met gelowiges (Jeremia 9:25-26).
- Die viering van die **Sabbat** (Jeremia 17:19-27, Esegïel 20:12, 20, 23 asook 22:8)
- **Gebed.**

Paulus sou koppe stamp met 'n godsdienstigheid wat op 'n eng wyse met die wette en orde in Levitikus en Deuteronomium omgaan (veral die slaafse onderhouding van die Wet van Moses). Sy argument was dat dit gelowiges met die indruk gelaat het dat hulle deur 'n streng wetsgehoorsaamheid hulleself kan red. Vir Paulus was dit belangrik om die God van genade agter die wette en bepalings uit te wys en te waak teen verwagtinge van voorspoed/beloning wat 'n godsdienstige wettisisme bring. Die storie van koning Josia se godsdienstige hervorminge in 2 Konings 22 en 23 (sessie 2) herinner ons aan die tragiese realiteite daarvan.

Levitikus en heiligmaking

Wat beteken die begrip heiligheid vir ons vandag? Dit het ongelukkig vir baie gelowiges 'n negatiewe konneksie aan 'n streng godsdienstigheid waarmee hulle grootgeword het en waarteen vandag in opstand teen leef. Dink aan die woord "hoog heilig". Watter is die perspektief wat die begrip na vore bring? Dit mag wees dat ons met die idee grootgeword het dat heiligheid wat in die Ou Testament beskryf word net met moraliteit te doen het, terwyl dit in der waarheid ons na 'n veel groter en persoonlike geloof response wil begelei.

Heiligheid was die toepassing van 'n praktiese lewensritme wat gefokus was om jou liggaam en gees bewus te maak dat God in jou midde teenwoordig is. Dit het gelowiges in kontak gebring met die onsigbare en geheimenisvolle God wat mense tot insigte lei. Dit was nooit 'n kwessie dat die wette en reëls van godsdiens heilig is nie, God is heilig. In oomblikke van kontak verander God se heiligheid ons lewens (heiligmaking).

Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van God se genade vrygespreek vanweë die verlossing van Jesus Christus. Romeine 3:23

Jesus se ontmoeting met die vrou wat beskuldig word van owerspel in Johannes 8 is 'n goeie voorbeeld hiervan. Sy is op grond van morele beginsels deur die skrifgeleerdes en Fariseërs veroordeel. Jesus se ontmoeting met die vrou en skare was 'n heilige oomblik, waarin hulle deur God tot nuwe gebring is.

Heiligheid was nie bedoel om die ballinge van Babel se realiteite te isoleer nie, maar hulle juis aangespoor om op konstruktiewe maniere daarbinne te leef (huise te bou, te trou en die belange van die stad te bevorder). Lees daaroor in 1 Petrus 1:13-16.

Die ballingskap storie leer ons egter dat heiligheid nie outomaties gebeur wanneer gelowiges in geloof en hoop wag vir beter dae om aan te breek nie. Die godsdienstige ritmes en roetines in Levitikus (sterk liggaamlike komponent) moes die ballinge help om nie aan die druk van hulle omstandighede oor te gee nie. Dit was teen hierdie agtergrond dat gemeen word die Skeppingsverhaal in Genesis 1:1-2:4a sy ontstaan gehad het.

- Wat sou dit beteken dat God ons vandag heilig wil maak? Hoe is dit besig om deur jou eie situasie van ballingskap deur te breek? Hoe is dit vandag iets waarvoor ons bewustelik voor kies? Hoe pas dit in by die ritmes en dissiplines van ons geloofslewe en kerk?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Deuteronomium en die gemeenskap waarin jy jousef bevind

Ballingskap het die potensiaal om gelowiges in 'n self gerigte godsdiens vas te keer wat ver verwyder van die realiteite waarin ons onself bevind leef. Deuteronomium het die ballinge aan hulle publieke verantwoordelikhede herinner.

The Deuteronomic tradition presents society as a neighbourhood and enjoins attitudes and policies that enhance neighbourliness. Deuteronomy insists that economic life must be organized to ensure the well-being of widows, orphans and immigrants. This response to dislocation insists that maintaining a public economy of compassion and justice is a way to move beyond despair. Walter Breuggemann.

Lees die volgende wat hieroor met ons praat.

- Deutr. 8:12-14
- Deutr. 10:16-19

Die ballingskap het gelowiges geleer dat dat God op 'n veel groter skaal in hulle lewens en wêreld betrokke is en hulle tot veel meer roep as net hulle eie belange. Daarom die opdrag in Jeremia 29:7 "bevorder die belange van die stad waarheen ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange"

- Hoe praat hierdie realiteit met ons oor die gesindheid waarmee ons leef in eie ervarings van ballingskap?

.....

.....

.....

'n Laaste gedagte ...

The return from exile may indeed be geographical. But first the movement is emotional, liturgical and imaginative; it requires forming a vision of the future free of the fearful dreams of entrenched power. It demands that we imaginatively free ourselves from the powers that have kept us in thrall, perhaps to a complacent orthodoxy, perhaps to excessive self-protection and self-assurance, perhaps to the fraudulent comforts of imperial finance and weaponry.

In our time of dislocation the church can offer ways of speaking and acting that the dominant society regards as subversive, but without which we cannot for long stay human. It can express sadness, rage and loss as an alternative to the denial that inevitably breeds brutality. It can be a voice of holiness that counters the trivial commodity-centred world by the practice of disciplines that make communion possible. It can be a voice of imaginative, neighbourly transformation, focused on those in need. And it can express new social possibilities, rooted in the truth of God's good news. Before us is the choice between succumbing to a fearful self-preoccupation that shrivels the spirit or heeding God's call to re-enter the pain of the world and the possibility of renewal and salvation.

- Walter Breuggemann -